

AFRIKAANS

Luister en Praat / Gedeelde lees

Maandag:

- Skryf die dag en datum in jou Afrikaans 1 werkboek.

Voorbeeld:

Maandag

3 Augustus

-
- Plak die gediggie (Eier vir ontbyt!) onder die lyn.
 - Lees die gediggie hardop saam met iemand deur. (Lees 'n paar keer.)
 - Antwoord die volgende vrae:
 - * Hoe laat hierdie gediggie jou voel?
 - * Lees die gediggie weer en onderstreep die rymwoorde.
 - * Wat is 'n eier-omelet? Verduidelik vir Ma/Pa.
 - * Wie, dink jy, vertel hierdie gediggie?
 - * Wie het die gediggie geskryf?
 - * In watter voedselgroep pas eiers?
 - * Watter gereedskap het ons nodig om 'n eier te bak?
 - Nadat julle gesels het oor die gediggie, teken 'n prent van jouself waar jy self 'n heerlike eier eet. Skryf twee sinne oor die eier wat jy eet.
Onthou, teken asseblief die hele bladsy vol!
 - Trek nou 'n lyn onder jou sinne.

Woensdag:

- Lees die volgende woordprobleem en verduidelik vir Ma / Pa hoe jy te werk sal gaan om die antwoord te kry.
 - **Stella verkoop appels in sakkies van 10. Sy het 80 appels. Hoeveel sakkies kan sy maak?**
 - **Jan het 167 lekkers gehad. Hy gee 52 daarvan vir Pieter. Hoeveel lekkers het Jan nou oor?**

Vrydag:

- Luister na die storie van Jan en die Boontjierank. (Ma of Pa moet dit vir jou voorlees.)
- Besluit saam met Ma / Pa wat die oorsake en gevolge van verskillende situasies in die storie was. Bv. Waarom was Jan se Ma kwaad? Jan het hulle enigste koei weggegee vir boontjies. / Waarom was Jan bang? 'n Reus het hom gejaag teen die rank af. / Ens.

Klanke

Maandag:

- Plak die -er / -el taak wat by jou is, in jou Afrikaans 1 werkboek.
- Voltooi die taak.
- Vra vir iemand om -er en -el woorde vir jou te vra. Skryf dit neer om dit te oefen.

Dinsdag:

- Plak die -rm en -lm taak wat by jou is, in jou Afrikaans 1 werkboek.
- Voltooi die taak.
- Vra vir iemand om -rm en -lm woorde vir jou te vra. Skryf dit neer om dit te oefen.

Woensdag:

- Plak die -ige / -ike taak wat by jou is, in jou Afrikaans 1 werkboek.
- Voltooi die taak.
- Vra vir iemand om -ike / -ige woorde vir jou te vra. Skryf dit neer om dit te oefen.

Donderdag:

- Knip die klanke van die 'Skilpad' woordbou taak uit. Plak die bokant van die werkvel

in jou Afrikaans 1 werkboek. Gebruik die letters wat jy los geknip het en bou soveel woorde as wat jy kan met die klanke. (Maksimum 10)

- Skryf die woorde neer op die werkvel.

Vrydag:

- SKryf vandag se datum in jou Vasleggingsboek neer. Trek 'n lyn.
- Ma of Pa moet vir jou enige 10 woorde uit die klanke wat ons hierdie week geoefen het, vra. (-er / -el / -rm / -lm / -ige / -ike)
- Nommer jou woorde 1 – 10. Trek 'n lyn onder jou klanke toets.

Handskrif






Maandag:

- Geen handskrif vir vandag nie.

Dinsdag - Vrydag:

- Jy moet elke dag die lopende skrif c en x oefen in Skrifboek 1.

VOORBEELD:



Lees

Maandag:

Oefen hoofstuk 1 van 'Die gemaskerde skoonmakers van Om'. Lees dit eers self deur en skryf die woorde wat vir jou moeilik is, neer op 'n stukkie papier. Vra vir iemand om jou te help om daardie woorde te klank en uit te spreek. Lees dit vir 'n tweede keer deur saam met Ma of Pa.

Dinsdag:

Oefen hoofstuk 1 van 'Die gemaskerde skoonmakers van Om'. Volg dieselfde riglyne as gister.

Woensdag:

Oefen Hoofstuk 2 van 'Die gemaskerde skoonmakers van Om'. Lees dit eeers self deur en skryf die woorde wat vir jou moeilik is, neer op 'n stukkie papier. Vra vir iemand om jou te help om daardie woorde te klank en uit te spreek. Lees dit vir 'n tweede keer duer saam met Ma of Pa.

Donderdag:

Oefen hoofstuk 2 van 'Die gemaskerde skoonmakers van Om'. Volg dieselfde riglyne as gister.

Vrydag:

Lees vandag Hoofstuk 1 en 2 van 'Die gemaskerde skoonmakers van Om.' Jy moet probeer om vlot te lees en die woorde korrek uit te spreek. Gee aandag aan die manier hoe jy lees. Gebruik intonasie by bv. sinne wat vrae is. Let op leestekens in die teks.

Skryf

Maandag:

Skryf asseblief die datum neer in jou Afrikaans 2 werkboek.

Voorbeeld:

Maandag 3 Augustus

Jy moet 'n dagboek skryf oor die kos wat jy gister geëet het.

Voorbeeld:

Liewe dagboek 3 Augustus 2020

Ontbyt: Mieliepap met suiker en melk.

Middagete: Roerbraai met groente en my gunsteling koeldrank.

Versnappering: 1 appel en grondboontjebotter sjokolade

Aandete: Hamburger met slaptjips

Trek 'n lyn onder jou werk.

Dinsdag:

Skryf asseblief die datum neer in jou Afrikaans 2 werkboek.

Voorbeeld:

Dinsdag 4 Augustus

Jy moet 'n dagboek skryf oor die kos wat jy gister geëet het.

Voorbeeld:

Liewe dagboek

4 Augustus 2020

Ontbyt: Mieliepap met suiker en melk.

Middagete: Roerbraai met groente en my gunsteling koeldrank.

Versnappering: 1 appel en grondboontjebotter sjokolade

Aandete: Hamburger met slaptjips

Trek 'n lyn onder jou werk.

Vrydag:

- Skryf asseblief die datum in jou Afrikaans 2 werkboek.

- VOORBEELD:

Vrydag

7 Augustus

- Skryf die volgende sinne oor in die teenwoordige tyd:

1. Ons het 'n heerlike bord kos gekry vir Sondag middagete.
2. Daar was slaai, groente en biefstuk.
3. Vir poeding was daar heerlike roomys met sjokolade sous.

- Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd:

1. Ons gesin probeer om gesonde kos te eet.
2. Ons kry daaglik vars groente en vrugte van OK in Calvinia.
3. Ons doen ook spesiale oefeninge om ons spiere sterk te maak.

Jan en die Boontjierank

Daar was eendag 'n seun met die naam Jan saam met sy ma gewoon het. Hulle was baie arm. Sy ma het vir Jan gesê om hulle koei te gaan verkoop vir geld. Op pad ontmoet Jan 'n ou man.

Die ou man ruil Jan se koei vir towerbone. Jan se ma was baie kwaad. Sy gooi die boontjies by die venster uit. Die volgende dag sien Jan dat 'n boontjiesingel gegroei het!

Hy hardloop uit en klim dit tot bo. Hy kyk uit en sien 'n kasteel. Dit het aan 'n reus behoort.

Hy klop aan die deur. Die reus se vrou laat Jan binnekom. Sy was baie vriendelik.

Toe die reus by die huis kom, het sy vir Jan weggesteek.

Die reus het aandete geëet. Toe begin hy sy goud tel.

Toe die reus aan die slaap raak, het Jan die reus se goud gesteel. Jan het vinnig huis toe gehardloop en dit vir sy ma gegee. Sy was baie bly.

Jan het die volgende dag weer terug na die kasteel gegaan.

Die reus se vrou het hom weer laat inkom. Toe die reus by die huis kom, het sy vir Jan weggesteek.

Die reus het aandete geëet en toe sy goue gans laat goue eiers lê. Toe die reus aan die slaap raak, het Jan sy gans gesteel. Jan het vinnig huis toe gehardloop en dit vir sy ma gegee. Sy was baie bly!

Die volgende dag is Jan weer terug na die kasteel toe.

Die reus se vrou het hom weer laat inkom. Toe die reus by die huis kom, het sy hom weggesteek.

Die reus het aandete geëet en daarna het hy na sy tower harp geluister. Toe die reus aan die slaap raak, het Jan sy harp gesteel. Maar, die harp skree om hulpe! Die reus het agter Jan aangehardloop, maar Jan was veilig terug by sy huis.

Jan het 'n byl geneem en die boontjierank afgekop.

Jan en sy ma het gelukkig gelewe met die goud, die goue gans en die tower harp!

